# LAERSKOOL LYDENBURG

Omsendbrief 3 van 2024

01 FEBRUARIE 2024

Geagte Ouers

1. **DAGROOSTER: 05-09 FEBRUARIE 2024**

| | | |
|---|---|---|
| Maandag | - | Dag 6 |
| Dinsdag | - | Dag 1 |
| Woensdag | - | Dag 2 |
| Donderdag | - | Dag 3 |
| Vrydag | - | **Skool gesluit** |

2. **SKOOLGELD**

Skoolgeld vir 2024 vir Graad 1 - 7 beloop R1 200 x 11 maande = R13 200 – vanaf Januarie tot einde November.

Skoolgeld vir 2024 vir Graad R beloop R1380-00 x 11 maande = R15 180 – vanaf Januarie tot einde November.

Let asseblief daarop dat skoolgeld **vooruitbetaalbaar** is. (Graad R – 7). Skoolgeld is betaalbaar **voor die 7de van elke maand. Indien AL u skoolgeld voor 04 April betaal** is, kry u 10 % afslag op die totale bedrag. Die skool beskik oor 'n kaartmasjien. Die kassiere is oop vanaf Maandae tot Donderdae, 07:10 – 13:45 en op Vrydae vanaf 07:10 – 12:45.

Indien u gebruik maak van Internetbetalings is ons bankbesonderhede as volg:

**ABSA Bank Lydenburg / Tjekrekening / 1010158113 / Takkode: 33-43-51**

**NB!**



**LET ASSEBLIEF DAAROP DAT U MET ELKE INBETALING DIE VERWYSINGSNOMMER SOOS OP DIE SKOOLFONDSREKENING WAT U MAANDELIKS ONTVANG, MOET GEBRUIK! FONDSE KAN NIE GEALLOKEER WORD INDIEN U DIE WOORD 'SKOOLFONDS' OF NOEMNAME OP U BANK AS VERWYSING GEBRUIK NIE!!!!!!!**

**SUBSIDIEVORMS: Is beskikbaar** by ontvangs. **Aansoeke sluit op 16 Maart 2024.**

4. **SKOOLTYE**

**Die skool is gesluit a.g.v. atletiek op die volgende datums:**
**Vrydag: 09 Februarie 2024**
**Maandag: 19 Februarie 2024**

**Die skool sal op Maandag, 12 Februarie om 11:00 uitkom vir die Kruine-byeenkoms.**

5. **ATLETIEKBYEENKOMSTE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vrydag | - | 02 Februarie: | Middelburg (weg) |
| Saterdag | - | 03 Februarie: | Tzaneen (weg) |
| Woensdag | - | 07 Februarie: | Ohrigstad (weg) |
| Vrydag | - | 09 Februarie: | Kringbyeenkoms (tuis) |
| Maandag | - | 12 Februarie: | Kruine (tuis) |

Betrokke atlete sal briewe ontvang.

6. **JO BLACK EN WILLEM ENGELBRECHT**

"Wees iemand wat almal, soos iemand laat voel, want niemand verdien om soos niemand te voel nie" (Jo Black)

Op 14 Februarie besoek Jo Black en Willem Engelbrecht van "Be That Guy", Laerskool Lydenburg. Dit vind plaas op die A-veld vanaf 11:30.

Dis weer tyd om ons LSL hande en harte oop te maak vir ons LSL-maatjies. Ons wil graag tydens die geleentheid die volgende produkte insamel: Tandeborsels, tandepasta, "roll-on" of spuitgoed, badseep, sjampoe, lyfroom, naelborsels, -knippers, haarrekkies,-knippies en waslappe of sponsies. Die produkte kan vooraf skool toe gebring word en by die klasonderwyser ingehandig word.

Laerskoolgroete

**CORNELUS LEMMER**
**HOOF**

